



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY
jou kennisvenoot • your knowledge partner

REGLEMENT:

REKTORSTOEKENNING VIR VOORTREFLIKE GEMEENSKAPSINTERAKSIE

1. **Beleid, doel en status**

1.1 Kragtens sy Gemeenskapsinteraksiebeleid aanvaar die Universiteit:

1. 'n *nuwe paradigma* vir gemeenskapsinteraksie met groter integrering van onderrig en leer, navorsing en gemeenskapsinteraksie wat kulmineer in 'n multi-disiplinêre benadering. Deurlopende herstrukturering van akademiese programme om gemeenskapsinteraksie (insluitende diensleer) sowel as gemeenskapsgebaseerde navorsing in te sluit, word derhalwe aangemoedig en versterk. (par. 5.1);
2. dat die oordrag van kennis aan, en leerervaring van *studente* as die belangrikste kliënte van die Universiteit, voorop gestel word. Gemeenskapsinteraksie wil derhalwe in sinergie met onderrig en navorsing ook waarde toevoeg tot die ontwikkeling van kritiese denke by studente met die oog op voorbereiding vir hulle aktiewe deelname as landsburgers in 'n toekomstige beroepsituasie binne die Suid-Afrikaanse samelewing. (par. 5.2);
3. dat gemeenskapsinteraksie ingesluit word in die prestasie-bestuur van *personeel* en die instel van insentiewe vir personeel wat aktief meewerk om die Universiteit se rolspeling in die gemeenskap te versterk ter ondersteuning van die gemeenskapsinteraksiebeleid en –strategie (par. 5.3).;
4. dat *vrywillige dienslewering* van personeel en studente aan gemeenskappe deur inisiatiewe van departemente en afdelings, steeds erken word. Sodanige aktiwiteite se voortsetting en outonomieit word ondersteun, maar is onderworpe aan die geordende raamwerk wat die Gemeenskapsinteraksiebeleid stel. (par. 5.5);

1.2 Die doel van die Rektorstoekenning vir Voortreflike Gemeenskapsinteraksie is om, in ooreenstemming met paragraaf 5.3 van die Gemeenskapsinteraksiebeleid, op 'n gereelde grondslag erkenning te gee aan voltydse akademiese en steunpersoneel in fakulteite wat in hul gemeenskapsinteraksie-taak uitmuntend presteer.

1.3 Die Rektorstoekenning vir Voortreflike Gemeenskapsinteraksie is die hoogste vorm van erkenning wat van universiteitsweë aan akademiese en steunpersoneel in fakulteite vir uitmuntende prestasies op gemeenskapsinteraksiegebied verleen word. Derhalwe word fakulteite versoek om toe te sien dat ander toekennings vir

gemeenskapsinteraksie wat in fakulteitsverband uit bronne onder beheer van die Universiteit gedoen word, nie die prestige van die Rektorstoekening vir Voortreflike Gemeenskapsinteraksie in gedrang bring nie.

2. Die toekening

- 2.1 Die toekening staan bekend as die Rektorstoekening vir Voortreflike Gemeenskapsinteraksie.
- 2.2 Voltydse personeelede in akademiese omgewings wat minstens twee jaar aan die Universiteit verbonde is, kom in aanmerking vir die Rektorstoekening vir Voortreflike Gemeenskapsinteraksie. Die Uitvoerende Komitee van die Senaat het afhandelingsbevoegdheid om van tyd tot tyd te bepaal *welke ander persone* vir die Rektorstoekening in aanmerking kan kom.
- 2.3 Die Universiteit maak jaarliks normaalweg tien ad personam-toekennings vir voortreflike gemeenskapsinteraksie, gebaseer op ope mededinging binne fakulteitsverband.
- 2.4 Die uniekheid van die omstandighede waarin gemeenskapsinteraksie binne die onderskeie fakulteite en departemente plaasvind, word erken.
- 2.5 Die toekening word vergestalt in 'n sertifikaat asook 'n kontantbedrag wat jaarliks bepaal word.
- 2.6 Die toekening kan nie twee keer na mekaar aan dieselfde persoon gemaak word nie. Die Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie sal verantwoordelik wees vir die byhou van 'n rekord van alle toekennings ingevolge hierdie reglement.

3. Voorwaardes

- 3.1 Die ontvanger van die toekening moet die kontantbedrag benut vir doeleindes wat met gemeenskapsinteraksie verband hou.
- 3.2 Die betrokke bedrag word normaalweg binne twee jaar ná die toekening benut.
- 3.3 Die ontvanger se benutting van die toegekende bedrag binne 'n bepaalde jaar is onafhanklik van toekening van fondse uit ander bronne.

4. Prosedure

- 4.1 Die Rektor of sy gedelegeerde bepaal die tydskedule vir die prosedure en rig 'n ope uitnodiging aan alle voltydse personeellede op die diensstaat van die Universiteit wat vir die toekening kwalifiseer om hulle by die betrokke dekaan as kandidate vir die toekening aan te meld.
- 4.2 'n Dekaan met sy bestuursmeganisme kan, ná oorleg met die voorsitter van die Gemeenskapsinteraksiekomitee van die Senaat, ook kandidate vir die toekening identifiseer.

- 4.3 Die finale verantwoordelikheid vir die beoordeling van kandidate binne 'n fakulteit berus by die betrokke dekaan met die hulp van sy/haar bestuursmeganisme. Indien 'n dekaan en sy/haar bestuursmeganisme dit so verkies, kan hy/sy handel op advies van enige ander meganisme wat vir hom/haar aanvaarbaar is, byvoorbeeld eksterne beoordelaars, die fakulteit se Gemeenskapsinteraksiekomitee of die Gemeenskapsinteraksiekomitee van die Senaat.
- 4.4 Verslae van gemeenskapsvennote, ander verslae oor gemeenskapsinteraksie-insette en -uitsette asook prestasiebestuurverslae word in aanmerking geneem.
- 4.5 Sowel personeellede wat hulle self aangemeld het, as dié wat deur die dekane met hulle bestuursmeganismes geïdentifiseer is, sal deur die betrokke dekaan genooi word om 'n volledige curriculum vitae en ander materiaal soos deur die dekaan gespesifiseer, vir gebruik in die beoordeling voor te lê.
- 4.6 By die oorweging of beoordeling van 'n voorlegging kan van die volgende kriteria gebruik gemaak word:
1. die mate van diepte en kontinuïteit in die personeellid se gemeenskapsinteraksieprogram;
 2. die mate waarin wetenskaplik-gefundeerde metodes en tegnieke gebruik word;
 3. die mate waarin 'n personeellid op die hoogte bly van gemeenskapsinteraksie-onderwerpe van aktuele belang binne sy/haar onderskeie vak- of spesialisierungsgebiede;
 4. die mate waarin 'n personeellid kennis neem van gemeenskapsinteraksieplanne en -programme van ander buite-universitêre instellings, en sover moontlik die geleentheid benut wat dergelike planne en programme bied;
 5. die mate waarin 'n personeellid skakeling en samewerking soek en behou met ander gemeenskapsinteraksiepraktisyns in Suid-Afrika en in die buiteland;
 6. die mate waarin betekenisvolle uitsette deur die personeellid gelewer is - die besondere omgewing waarin die personeellid werk in ag genome;
 7. die mate waarin 'n personeellid sy/ haar gemeenskapsinteraksie bekend stel by wyse van referate op nasionale en internasionale vakbyeenkomste, en/of by wyse van publikasie in vaktydskrifte of ander media, indien moontlik ook op wyses wat vir die lekepubliek toeganklik is; en
 8. die mate waarin die personeellid se gemeenskapsinteraksie erkenning verkry het - die beoordelings van eweknieë en gemeenskapsvennote in ag genome;
 9. die mate waarin die personeellid bygedra het tot die opbou van gemeenskapsinteraksiebekwaamheid in die betrokke omgewing;

10. die mate waarin 'n personeellid die aansien van die Universiteit van Stellenbosch verhoog deur die gehalte van sy/haar gemeenskapsinteraksiewerk en die bekendstelling daarvan.
- 4.7 Indien in 'n betrokke jaar geen geskikte kandidaat vir 'n toekenning in 'n gegewe fakulteit geïdentifiseer kan word nie, kan die onbenutte toekenningsgeleentheid ontstaan om benut te word wanneer 'n volgende toekenningsronde aangekondig word.
- 4.8 Elke dekaan lê na afloop van die beoordeling die naam van die kandidaat wat vir die toekenning genomineer word tesame met 'n kort motivering aan die Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie voor vir kontrole van die formele vereistes, waaronder diensperiodes en vorige toekennings (kyk bv paragrawe 2.2, 2.6 en 4.7), ten opsigte van die genomineerdes. Ná kontrole lê die Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie die besonderhede van die genomineerdes, met sy kommentaar soos nodig, voor aan die Rektor vir bekragting.
- 4.9 Die Rektor lê die name van die suksesvolle kandidate aan die Gemeenskapsinteraksiekomitee van die Senaat en die Uitvoerende Komitee (Senaat) vir kennisname voor.
- 4.10 Die Rektor bepaal, met in agneming van par. 4.1, die tyd en aard van die toekenningsgeleentheid.